trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 19 FEBRUARIE 2017

Welkom aan Peter Venter wat die oggenddiens sowel as vanaand se Bybelstudie lei.

OGGEND 09:00

BEKERS VOL GENADE

Skriflesing: Jesaja 51:17-23

- God neem die beker van oordeel weg
- Christus het die lydensbeker gedrink
- Ons deel as verlostes in die beker van danksegging

AAND 18:00: FOKUStyd

CHRISTUS VOLHARD IN GEBED ONDANKS DOODSGEVAAR

Die doel van die fokustyd is om te besef dat Jesus Christus vreesbevange gebid het sodat ons, as verlostes, vreesloos tot God kan bid.
God voorsien ook dat die engel Jesus versorg tydens sy gebed. Deur die verloop van die gedeelte in Lukas 22 word ons geleer om ons gebedslewens in te rig, maar ook bewus gemaak van die emosionele stryd wat saam met gebed gaan.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Vandag
Diakonievergadering 16:30

Dinsdag, 21 Februarie
Lotuslanders byeenkoms 09:30

Bybelstudie 18:30
(Stinkhoutsingel 18)

Bybelstudie 19:00

Vrydag 24 Februarie
Manne-oggend 05:45

SONDAGAANDE: 1STE KWARTAAL	
Datum	**Geleentheid**
19 Feb.	FOKUStyd Bybelstudie
26 Feb.	Nagmaal (19:00)
5 Mrt.	Aandbyeenkoms
12 Mrt.	Aandbyeenkoms
19 Mrt.	Geen
26 Mrt.	Aandbyeenkoms

2 Familie

LIEF EN LEED
Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Ons bid vir Ita Schrap ☎0768879456 Martie Slump ☎0836951398 wat met siekte worstel.
- Anne-Marie Snyman ☎0798756743 het die afgelope week 'n operasie ondergaan.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

19/02	Roelien Pieterse	☎0832557215
20/02	Nick Snyman	☎0824574815
22/02	Kayleigh Kleynjan	☎0844109714
22/02	Tanisha Moolman	☎0824465401
22/02	Joané van Wyk	☎0797766555
22/02	Louw Vorster	☎0835021105
23/02	Sansha Nel	☎0824480763
23/02	Mikayla Victor	☎0797398770
24/02	Lizelda Bothma	☎0824149759
25/02	Jean Bosman	☎0810182439
25/02	Lizel van Zyl	☎0169322902
25/02	Henning Vorster	☎0832640387
25/02	Jan Vorster	☎0828805570

SPESIALE VERJAARSDAE
Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

21 Feb.	Dirk en Carin Viljoen ☎0834077234	36 jaar

SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)
Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy huisbesoek wil ontvang deur 'n ouderling of diaken, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

ATTESTATE/BEWYSE
Word afgekondig.

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

BYBELSTUDIES
Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18.
Dinsdae om 19:00. Carterstraat 16.
Woensdae om 09:00 by die kerkgebou.
(Ons oordink Woensdae die Bybelse studiegids : 'Worstelinge oor die waaroms in die lewe' deur Dr. B. Duvenage.)

NUWE BYBELSTUDIEGROEP
Enige belangstellendes wat wil aansluit by die Dinsdagaand-bybelstudiegroep kan gerus vir Christa Snyman ☎0798779882 kontak.

VERJAARSDAGTEE
As familie vier ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae. Die volgende Verjaarsdagtee vind op 14 April plaas.
Groete: Gasvryheid-diensgroep

FAMILIE-ETE, SONDAG 26 FEBRUARIE
Die diakonie reël 'n spitbraai vir ons familie-ete. Kostes: Volwassenes/ hoërskool: R60 pp. Laerskool: R40 pp. Indien kostes 'n probleem is, kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144. Die kaartjies kan Sondae na die erediens by die Welkom-toonbank in die hoek in die saal gekoop word. Bring jou vriende, gazebo, kampstoele, drinkgoed, poedingbakkie en –lepel, dan kuier ons weer lekker saam!

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
Dewald Pieters, Fanie vd Merwe

DIAKENS AAN DIENS
Stephan Botha

KOSTER AAN DIENS
Elsa Prinsloo

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
19/02 – Christelike Onderwys (Arso-lesmateriaal)
26/02 – Koningskinders

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span

GEHOORAPPARATE
Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD
Stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎0711063978 indien jy 'n opname van 'n preek wil hê.

TEESKINK
Vanoggend skink Elize du Plessis se groepie tee. Sondag, 26 Februarie is nagmaal, dus geen tee nie. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

PLEK OM JOU FAMILIE TE DIEN ...
As jy graag Sondae wil help teeskink en nog nie by 'n groep ingeskakel het nie, is jy baie welkom! Skryf asb. jou naam in die saal op die Teeskink-diensgroepplakkaat. Indien jy deel was van 'n groep wat ontbind het, kan jy ook jou naam opskryf. Ons sal jou by 'n nuwe groep indeel. Groete: Teeskink-diensgroep.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
James en Toetie Terblanche ☎0825723328 en 0825723328 is die sameroepers van die diensgroep. Indien jy belangstel om deel te word van die siekebesoek diensgroep, kontak gerus vir James of Toetie. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

VANAF DIE FINANSIESPAN
Die span is deeglik bewus dat lidmate seker wil wees dat hulle oorbetalings reg hanteer sal word. Ons kan nou die versekering gee en met u deel hoe die rekeninge saam gegroepeer word.
Alle maandelikse bydraes word in die volgende rekening inbetaal:
Bank: ABSA
Tjekrekeningnommer: **530340449**
Alle gelde vir projekte word in dieselfde rekening inbetaal met verwysing na die projek (hieronder in vet gedruk):

Projekte:

Uitbreidingsfonds: Kerkraad se spesiale spaarplan, 10% van bydraes bo begroting.
Dankbaarheidsfonds: Spesiale aksie in Oktober 2016 tot Desember 2016.
Gasvryheidsfonds: Fondse vir die gasvryheid-diensgroep.
Projektor: Projektor in die kerk en klanktoerusting.
Familieprojek: Plek waar gemeente gemaklik kan sit en gesels.
Groeipyne: Algemene stoorruimte.
Springkasteel: Inkomste uit verhuring.
Chris Buys fonds: Trustgelde waarvan rente gebruik word om leerlinge te help.
Studiebeurs: Trustgelde waarvan die rente gebruik word om eie predikante op te lei.

MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)
Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

JEUGBEDIENING

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 22 Januarie:

Graad 1 – 3
EENHEID 1: JESUS VERTEL STORIES
Les 1: Verlore en weer gevind
Les 2: Die geduldige Pa
Les 3: Geld wat begrawe is
Les 4: Die barmhartige Samaritaan

Graad 4 – 6
EENHEID 1: STORIES VAN JESUS

Les 1: Storie van die arbeiders
Les 2: Storie van die groot feesmaal
Les 3: Storie van die saaier
Les 4: Die barmhartige Samaritaan

Graad 7 – 9
EENHEID 1: WONDERWERKE VAN JESUS
God speel die hoofrol
Les 1: Lewende Lyk
Les 2: Die Groot Ding
Les 3: Die Belangrikste Een
Jy speel ook 'n rol
Les 4: Glo dit of nie
Les 5: Wil jy dit hê?
Les 6: Sê dit soos dit is

Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)
Les 2-4: Sonde
Alle jeugleiers gaan so ver moontlik volgens die beplanning werk, maar indien daar ander reëlings is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrief nie, aangesien hulle ook mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp groepe. Vanaf 2016 was die graad 12 jeug ook deur Griffel gelei op hulle pad na Christelike groei. Aan alle graad 12's: Bly asseblief deel van die groep! Inligting sal deurgegee word sodra dit gefinaliseer is.
***Neem kennis dat jeugkleingroepe vir Graad 7 – 12 Sondae om 16:30 sal plaasvind**. Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aand diens.*

Jeugleiers vir 2017:

Graad	Jeugleier
Kinderkerk	Petra Tromp
Graad 1	Dalinda Swart
Graad 2	Rachel van Wyk
Graad 3	Nicolette Voges
Graad 4	Alan Brotherton
Graad 5	Louise Venter
Graad 6	Marietjie Greeff
Graad 7	André Moolman
Graad 8	Susan van Rooy
Graad 9	Rochelle Moolman
Graad 10	Pieter van Helden
Belydenisklas	Philip Snyman
Graad 12	Predikant

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING
Ons begin hierdie jaar met 'n nuwe program vir 3-7 jariges, terwyl die 8-9 jariges op hulle vlak leiding rondom die preke sal ontvang. Die heel kleintjies kom in die eerste klaskamer bymekaar, die graad R tot 7 jariges kom in die laaste klaskamer bymekaar en die 8-9 jariges kom in die hoekklaskamer bymekaar. Ons is baie opgewonde oor die ouers wat hulle kinders stuur om die begeleiding by te woon! Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief saam met hul kinders die klas moet bywoon indien moontlik. *Ons benodig meer mense om te help!* Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Corrie Botha of Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus vir Petra ☎0823316151 met enige verdere vrae.

BELYDENISAFLEGGING VIR 2017
Ons deel graag die volgende inligting rakende die belydenisaflegging vir 2017: Soos reeds gekommunikeer in die nuusbrief en tydens 'n inligtingsessie gaan die proses van belydenisaflegging

verander vanaf 2017. Dit is op hierdie stadium belangrik om kennis te neem van die volgende twee punte:

1. Belydenisaflegging is nie gekoppel aan ouderdom of skoolgraad soos vantevore nie, maar aan geloofsrypheid en begeerte met die verstandhouding dat die jong gelowige minimum graad 9 voltooi het.
2. Die jong gelowige kan vanaf graad 9 aansoek doen om in die belydenisgroep opgeneem te word en aan die einde van die daaropvolgende jaar belydenis van geloof aflê.

Dit is baie belangrik dat almal besef dat belydenisaflegging 'n saak tussen die individu en die Here self is en nie bloot 'n proses wat volg uit die aantal jare wat 'n kind by jeugbediening betrokke was nie. Dit is 'n begeerte wat by die betrokke persoon moet wees om sy/haar geloof te bely voor God en die gemeente. Kontak André Moolman ☎0828592186 of Corrie Botha ☎0833047680 met enige navrae.
DNA Groete

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

PROJEK – GROEIPYNE
Trinitas-familie het 'n wonderlike probleem! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite op die terrein benodig ons ekstra stoorplek sodat ons die bestaande lokale doeltreffend kan gebruik. As spesiale projek wil ons 'n skeepsvraghouer (*container*) aankoop. Die koste beloop ongeveer R25 000. Enige bydraes hiervoor kan gemaak word in ons rekening. Merk dit as 'Groeipyne'.

VERSPREIDING VAN KLERE
Kontak Jan van der Westhuizen ☎ 0844890144 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

KRUIDENIERSWARE BENODIG
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop **(plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis)**: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie.
Jolani Lourens ☎0823359586.

FOTOPROJEK: TV-SKERM BENODIG
Die Toekomsspan is tans besig met 'n inligtingstoonbank vir die saal. 'n TV-

skerm word benodig om gemeente-inligting, asook die ou gemeentefoto's vertoon (deel van die Fotoprojek). Enige skenkings sal waardeer word. Die koste beloop R4 000 vir 40"LED TV skerm, met USB en HDMI poorte. Kontak Hardus Visser ☎0828215642.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal by die herwinningsarea af, weeksdae tydens kantoorure en Sondae voor en na ons eredienste. Daar is 'n werker wat dit sal sorteer. Moedig gerus ook jou vriende aan om hulle herwinning na ons toe te bring en nie saam met hulle weeklikse vullis uit te sit nie. Kontak Maureen van Helden ☎0823922093 vir die volledige lys met herwinbare items.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Trinitas CIA Christus in Aksie

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

LOTUSLANDERS BYEENKOMS
Die eerste byeenkoms vir die jaar vind Dindsag (21 Februarie) plaas. Ons gaan 'n heerlike ontbyt eet by Stonehaven-on-Vaal om 09:30 die oggend.
Hoop om julle almal daar te sien. RSVP vandag op die laatste. Indien enigiemand by ons wil aansluit, of meer inligting verlang, skakel vir Babsie ☎0836505227.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR FEBRUARIE
Vandag. Diakonievergadering
21 Feb. Lotuslanders byeenkoms
26 Feb. Nagmaal 09:00 en 19:00

GKSA NUUS
BEROEPE AANVAAR
- Proponent PJ Hattingh (Peter) na Okahandja.
- Proponent PF Venter (Peter) na Vanderbijlpark-Trinitas.

OP DIE KENNISGEWINGBORD
- Geopende Deure
- GK Jeugkantoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- FEBA Radio
- Wwesskamp 2017
- Mootkamp 2017
- Transoranje Instituut
- NG Driehoek basaar, 25 Feb.
- Songs of Praise, 7 Mei, Etienne Rousseau Teater.
- Nuusbrokkies oor GKSA.
- Kinderversorger vakature. Reddersburg.
- GK Hoëveld Bergfietsresies. 25 Mrt.

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KRUISPAD
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

KLEIN ADVERTENSIES
- Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief.
- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop hoenders, lam-, skaap-, bees- en varkvleis. Kontak hom gerus vir pryse.
- Woonstel in Potchefstroom te huur. Kontak Matilda Erasmus ☎0723931692.
- Au pair gesoek vir seuntjie van 5 jaar. Moet eie motor, asook bestuurslisensie hê en moet bereid wees om elke tweede naweek vanaf 06:00 tot 20:00 na hom te kyk. Moeder is 'n verpleegster. Bedags is hy in 'n kleuterskool. Die au pair moet hom skool toe neem om 07:00 en om 17:00 gaan haal. Moeder werk twee dae en is dan twee dae af waarop sy self na hom kyk. Ideaal vir student of huisvrou. Kontak Catharina Botes ☎0823350100.

TRINITAS-BOEK-HOEK
Franciska vd Merwe ☎0827818032.

BYBELS EN PSALMBOEKE
Maak gerus gebruik van die Bybels en Psalmboeke in die voorportaal.

INLIGTING VIR DIE NUUSBRIEF
Alle artikels vir die nuusbrief moet asb. voor Donderdae 12:00 by die kerkkantoor wees, sodat finale wysiging en taalversorging kan plaasvind voordat dit Vrydagoggend afgerol word.

INLIGTING BENODIG
Indien iemand weet waar ons met Elzabie Maree kontak kan maak, laat weet asb. die kerkkantoor. Dankie.

MANNE-ONTBYT, GK VEREENIGING
Wanneer: Saterdag 25 Februarie.
Plek: GK Vereeniging
Tyd: 08:00
Koste: R120/persoon
Kaartjies by GK Vereeniging kerkkantoor beskikbaar. Maandae tot Vrydae 08:00 tot 13:00.
Telno: 016 4236992 / 0824957049

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
Skriba: Gerrit van Wyk 0823328550
Koster: Elsa Prinsloo 0794778699
Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daaroor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (Kerkorde Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
    a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
    b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
    c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laatste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.

Kinder-erediensbegeleiding
(3-7 jariges)

Jesus word gedoop (Matteus 3:13-17)